# Hillcrest High School

Graad 12

## AFRIKAANS EAT V2

SEPTEMBER 2024

PROEFEKSAMEN

**PUNTE:** 80

**TYD:** 2½ uur

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Mev. S. Strydom

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Roman
   AFDELING B: Drama

3. Beantwoord AL die vrae.

   **AFDELING A: ROMAN (vraag 4)**

   Beantwoord die vrae oor die roman, ***Lien se lankstaanskoene***, wat julle bestudeer het.

   **AFDELING B: DRAMA (vraag 6)**

   Beantwoord die vrae oor die drama, ***Paljas***, wat julle bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling versigtig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

7. Voorgestelde tydsindeling: Gebruik ongeveer 70 minute per afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**STERKTE!!**

## INHOUDSOPGAWE

Kies **TWEE** afdelings


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. Kringe in 'n Bos | 35 | |
| 2. Die ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom | 35 | |
| 3. Meeulanders | 35 | |
| 4. Lien se lankstaanskoene | 35 | 4 |
| | | |
| **AFDELING B: DRAMA**<br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. Poppie – Die Drama | 35 | |
| 6. Paljas | 35 | 8 |
| 7. Fiela se kind – Die Drama | 35 | |
| | | |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Van Precious: 'n Buisie salf" | 35 | |
| 8.2 "Roep van die vleikuiken" | 35 | |
| | | |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Boekmerk" | 18 | |
| 9.2 "Die Boodskapper" | 17 | |

## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* (Derick van der Walt)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS A

Hulle kom Vrydae vroeër uit en sy en Wouter sit by hulle tafel buite die Wimpy vir ‘n vinnige koffietjie voordat sy by Creations moet begin.

Soos sy verwag het, is hy in sy skik met haar rol in die toneelstuk.

“As dit nie met my ekstra Wiskunde-klasse gebots het nie, sou ek julle *gejoin* het,” sê hy terwyl hy ‘n pakkie suiker in sy koffie gooi.

Hulle praat oor die vakansie wat oor twee weke begin. Wouter en sy suster gaan by hulle pa in Bloemfontein kuier. Lien kan sien Wouter is opgewonde oor die trippie Bloemfontein toe.

“Jy mis jou pa.”

Hy glimlag verleërig. “Soort van. Die ding is dat ek en Yvette nie vir hom kan kwaad wees soos my ma nie.”

Hy skeur repies van die leë suikerpakkie af en rol dit in bondeltjies wat hy in die asbak gooi.

“Sy verstaan dit nie. Hy’t ons mos *gedrop*. Ons is almal veronderstel om hom te haat totdat Bafana Bafana eendag die Sokkerwêreldbeker wen.”

“Hou julle van sy nuwe vrou?”

Wouter kyk weg en skeur nog ‘n suikerkoevertjie oop.

“Nogal, al het ons aan die begin hard probeer om nié van haar te hou nie. Sy is baie mal oor my pa en ek dink hy *like* dit baie dat iemand mal is oor hom. Ek dink nie my ma was ooit nie... As sy was, het sy dit nou nie *actually* gewys nie...”

4.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer.

Lien en Wouter se lewens stem ooreen, want albei se 4.1.1 ___ is afwesig in hulle lewens. Yvette is Wouter se 4.1.2 ___. Lien en Wouter is 4.1.3 ___ en hulle kan mekaar enigiets vertel. Hulle het op dieselfde dag by Hoërskool 4.1.4 ___ begin. (4)

4.2 Hoe verskil Wouter se stiefma van sy eie ma? Jy moet noem wat sy stiefma doen teenoor wat sy eie ma doen. (2)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (4.5) neer.

Later, net na die uittreksel, vra Wouter vir Lien of sy haar pa mis.

Lien ervaar innerlike konflik, want ...

A. sy praat graag oor haar pa.
B. sy is trots op haar pa.
C. sy is so kwaad vir haar pa, sy wil nie oor hom praat nie.
D. sy is skaam vir haar pa en wil nie hê Wouter moet van hom weet nie. (1)

4.4 Hoekom is Lien se pa afwesig in haar lewe? Verduidelik. (2)

4.5 Stem jy saam dat Lien se ma haar kinders in die steek gelaat het? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

4.6 Gee TWEE redes waarom Lien so desperaat was om werk te kry. (2)

4.7 Lien het drie verskillende werke gehad.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommers (4.7.1 tot 4.7.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.7.1 Tant Bets het só gehelp. | A Sue-Ellen wou terugkom, want sy geniet nie haar baba nie. |
| 4.7.2 Tant Malie was onredelik. | B Elkeen het sy eie straathoek. |
| 4.7.3 Die werk was tydelik. | C Sy het Lien ingelig oor die vakante poste. |
| 4.7.4 Daar is ‘n ongeskrewe reël tussen bedelaars. | D Sue-Ellen en Donovan was na aan mekaar. |
| | E Sy het verwag Lien en Agnes moes sonder betaling werk. |

(4 x 1) (4)

4.8 Na watter funksie het Wouter vir Lien uitgenooi? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

> “Jy was goed, sê Roos. “Jy kan dit maak.” Sy snuif.
>
> Peroxide kyk belangstellend na die skoolseuns wat by haar verbyloop. Sy draai skoon skeef om vir Christiaan dop te hou, wat met ‘n mond vol kos vir Wian iets vertel. Christiaan kyk belangstellend terug waar Peroxide terterig vir hom glimlag.
>
> Dis dalk tyd dat Roos-hulle koebaai sê, dink Lien benoud.
>
> “Wil julle nie nog iets eet nie?” vra sy. Peroxide haal ‘n groterige Tupperware-bak uit haar sak en begin pak. En sy pak. Roos beduie na iets in die Tupperware-bak en Peroxide pak terug. Dis tannie Bets se kerrietertjies, sien Lien dik van die lag. Sy stap nader.
>
> Lien vryf oor Roos se stywe hare. “Jy is ‘n *great* pel.”
>
> Die vrekpienk *marshmallow* kyk vir haar met skrefiesoë en gee Lien se arm ‘n knypie. Sy sê niks nie, snuif en draai om. Lien dink hulle besef albei dat Lien Jooste waarskynlik nie weer met plat skoene iewers op ‘n hoek sal staan nie.
>
> “Sien jou wanneer ek jou sien,” groet Roos terwyl sy en Peroxide met die Tupperware-bak buitetoe stap. Hulle verdwyn in die donker. Lien kan nog vaagweg die pienk pakkie uitmaak. Sy staan ‘n rukkie na die donker en kyk voor sy omdraai.
>
> Haar ma staan by Kuifie en Valetjie en gesels. Haar ma lyk anders – stiller, rustiger as vroeër die aand.

4.9 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Kuifie het Lien by haar bedelplek herken.
- Sproet het Lien by die verkeerslig opgelaai.
- Lien het haar ma in die kliniek besoek.
- Lien se ma het dronk by die skool opgedaag. (4)

4.10 Dink aan die gesprek in die uittreksel tussen Lien en Roos.

4.10.1 Waar vind hierdie gesprek plaas? (1)

4.10.2 Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.

“Die vrekpienk *marshmallow*” is ‘n (vergelyking/metafoor). (1)

4.10.3 Wat beteken dit binne die konteks van hierdie uittreksel? (1)

4.11 “Peroxide kyk belangstellend na die skoolseuns wat by haar verbyloop.” (Reël 2)

4.11.1 Wie is “Peroxide”? (1)

4.11.2 Watter beroep volg Peroxide? (1)

4.11.3 Watter VERSKIL is daar tussen Lien en Peroxide se matriekjaar? (2)

4.12 “Jy was goed,” sê Roos. “Jy kan dit maak.” (Reël 1)

In die Naspel van die roman word gesuggereer dat Roos reg was oor Lien se vermoë om toneel te speel.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

4.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (4.13) neer.

“Peroxide haal ‘n groterige Tupperware-bak uit haar sak en begin pak.” (Reël 6 & 7)

Hierdie optrede van Peroxide sluit aan by die universele tema van ...

A. drankmisbruik.
B. vooroordeel.
C. armoede.
D. selfsugtigheid. (1)

4.14 “Lien vryf oor Roos se stywe hare. ‘Jy’s ‘n *great* pel.’” (Reël 10)

4.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie optrede van Lien wys dat sy Roos se vriendskap (waardeer het/nie belangrik geag het nie). (1)

4.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.14.1. (1)

4.15 “ ... en gee Lien se arm ‘n knypie. Sy sê niks nie, snuif en draai om.” (Reël 11 & 12)

Waarom is dit paslik dat Roos só optree? (1)

4.16 Wat leer jy by Lien oor die hantering van moeilike situasies in jou lewe? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

**VRAAG 6: PALJAS – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

Haar gesig verraai 'n soort moedeloosheid, frustrasie, dalk selfs 'n bietjie afkeer van Hendrik. Dis nie ooglopend nie, maar dis daar. Dan sug sy, staan op, vat die skinkbord en loop. Maar net buitekant die deur swaai sy om en kom staan weer op die drumpel.

KATRIEN: Jy't nie eintlik baie om vir mens te vertel nie, het jy, Hendrik?
HENDRIK: (*kyk verbaas op*): Dankie vir die tee, Katrina.
KATRIEN: Niks te danke nie. (*Sy loop.*)
HENDRIK: Wat moet ek vertel? Jy weet als wat ek weet. (*Sy het weer vasgesteek en kom staan in die deur.*) Om jou die eerlike waarheid te sê, partykeer dink ek jy weet meer.
KATRIEN: Lyk my dis 'n kwaal van die McDonalds.
HENDRIK: Om te wat?
KATRIEN: Om hulle bekke te hou. (*Sy loop.*)

17. Dis laatmiddag. Hendrik en Nollie sit op twee afgeleefde Morris-stoele op die voorstoep. Tussen hulle op 'n kassie lê 'n pak plate en êrens speel musiek. Dis Tino Rossi – hy sing "Somewhere in France with you".
Hendrik is besig om deur die plate te kyk.
Hendrik se kar staan voor die stoep. Met die kap oop en een agterwiel af. Die afgeleefde ou Cortina sal altyd iewers op die werf sigbaar wees. Altyd met die een of ander wiel af; altyd met die kap oop. Daar word altyd aan hom gewerk.

6.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.4) neer.

Hendrik en Katrien het 'n probleem met 6.1.1 k___ en het niks om oor te praat nie. Die McDonalds woon op 'n klein stasietjie, genoem 6.1.2 ___. Hendrik vul die pos as 6.1.3 ___ en hy is baie trots op sy werk. Nollie kuier by die McDonalds, want hy stel belang in 6.1.4 ___. (4)

6.2 "Haar gesig verraai 'n soort moedeloosheid, frustrasie, dalk selfs 'n bietjie afkeer van Hendrik." (Reël 1 &2)

6.2.1 Hoekom, dink jy, voel Katrien só oor Hendrik? (1)

6.2.2 Watter voorspelling het die mense jare gelede oor Hendrik se toekoms gemaak? (1)

6.2.3 Wat het veroorsaak dat Hendrik se loopbaan nie so suksesvol was nie? Gee EEN woord as antwoord. (1)

6.3 Dink jy Hendrik het 'n romantiese sy aan hom? Verduidelik jou antwoord na aanleiding van die plate wat hy en Nollie speel. (1)

6.4 Reël 14 begin met die nommer 17. Wat dui die nommer in die drama aan? (1)

6.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (6.5) neer.

Die gebreekte motor simboliseer ...

A. Katrien se gebroke hart.
B. Willem se gebreekte stembande.
C. Emma se wantroue in mans.
D. die McDonalds se gebroke verhouding. (1)

6.6 Elkeen in die drama reageer verskillend op hulle probleme. Pas die reaksie in KOLOM B by die aksie in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-D) by die nommer (6.6.1 – 6.6.4).

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.6.1 Willem | A. Sy vlug eerder die veld in. |
| 6.6.2 Emma | B. Hy probeer alles reg raas. |
| 6.6.3 Katrien | C. Sy het verhoudings met ander mans. |
| 6.6.4 Hendrik | D. Sy verlang na ‘n beter lewe. |
| | E. Hy word stom. |

(1x4) (4)

6.7 Wat was die motoriese moment in die drama wat die McDonalds se lewens verander het? (1)

6.8 Gee TWEE redes waarom Frans vir Katrien besoek het. (2)

6.9 Hendrik het Frans afgeloer toe hy by Katrien gaan kuier het.

Wat sou jy anders gedoen het as jy Hendrik was? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

DOMINEE: Omdat ons in sonde ontvange en gebore is, is ons horende doof en siende blind. Ons luister, maar ons hoor nie; ons kyk, maar ons sien nie. Die verlossende genade is tot ons beskikking, maar ons maak nie daarvan gebruik nie. Ons kyk dit mis. Ons stel nie daarin belang nie. Maar, liewe gemeente, ek sê vanmôre vir u – God is 'n toornige god. Hy laat nie met Hom spot nie. Dié van ons wat hardkoppig sy genade en sy belofte van verlossing bly verwerp, vir ons bly daar nog net die vuur en die swael van sy toorn oor. Vir dié van ons wat kyk en nie sien nie, bly daar nog net – (*Die nar kom by die voordeur in. Hy probeer so saggies en onsigbaar moontlik al teen die muur langs insluip. Hy gaan sit in die heel agterste bank.*) Vir dié van ons wat sy verlossende genade nie wil – vir dié van ons – (*Maar die dominee het nou heeltemal sy draad verloor. Hy staan vir die nar en kyk. Die nar sit uitdrukkingloos en plegtig voor hom en uitstaar. Een gemeentelid kyk om; twee ander kyk om; nog ses of sewe kyk. Die dominee kyk na die ouderlingbank.* Broer, asseblief. (*Niemand roer nie.*) Broer Bothma! (*Broer Bothma kom orent en kyk hulpeloos na die dominee.*) Verwyder asseblief vir ons die – grapmaker.

6.10 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Willem het die nag op die stoep geslaap.
- Hendrik en Katrien het oor die oorbelle baklei.
- Die dominee het met Hendrik en Katrien gaan praat.
- Hendrik en die polisie het gesien wat alles in die skuur was. (4)

6.11 In watter ruimte speel hierdie uittreksel af? (1)

6.12 In hierdie uittreksel is daar baie woorde wat skuinsgedruk en tussen hakies is.

6.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie skuinsgedrukte woorde is (agtergrondinligting/toneelaanwysings). (1)

6.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.12.1. (1)

6.13 "*Maar die dominee het nou heeltemal* ***sy draad verloor.***" (Reël 10 & 11)

Verduidelik die figuurlike betekenis van die vetgedrukte woorde. (1)

6.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (6.14) neer.

Die dominee het vir Broer Bothma gevra om die grapmaker uit die kerk te verwyder. Hierdie optrede van die dominee spreek direk die tema van ... aan.

A. verantwoordelikheid
B. gesag
C. onverdraagsaamheid
D. respek (1)

6.15 Gee 'n sinoniem vir die woord, "grapmaker". (1)

6.16 Die volgende stelling is ONWAAR. Verduidelik waarom ons só kan sê.

Manuel het soveel moontlik lawaai gemaak toe hy kerk toe gegaan het, want hy wou alle aandag op hom gevestig hê. (1)

6.17 Watter insident het Manuel laat besluit om kerk toe te gaan? (1)

6.18 Hoe stel Broer Bothma vir jou ‘n voorbeeld van iemand wat iets móét doen, al weet hy nie of dit die regte ding is om te doen nie? (1)

6.19 Hoe slaag die dramaturg daarin om die dinge wat die dominee en die gemeenskap verkeerd teenoor die McDonalds doen, in die dominee se preek uit te lig? (1)

6.20 Hendrik McDonald speel ‘n belangrike rol in die drama.

6.20.1 Wat doen Hendrik wat bewys dat hy in beheer wou wees van sy wêreld? (1)

6.20.2 Hoe het Manuel se paljas Hendrik se lewe verander? (1)

6.21 Watter les leer jy by Manuel? (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**

KLEUR DIE PRENTE IN.



